


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 26 JANUARIE – 1 FEBRUARIE 2026

## Die Drie Beloftes
## Deel 3

### Herstel van Geregtigheid

*Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie?*
*Sal Hy hulle lank laat wag?*
(Lukas 18:7)

Hierdie is die laaste week van 'n reeks van 3, 'Die Drie Beloftes'. Ons sal God herinner aan Sy beloftes wat verband hou met dag-en-nag gebed. Hierdie week vra ons die Here om geregtigheid vir die nasies te voorsien terwyl ons Sy Naam aanroep (Lukas 18:7).

Laat ons ook die behoeftes binne ons eie gesinne, gemeenskappe, woonbuurte en stede voor die Here bring. Mag Hy ons harte wakker maak om getrou te bid vir die plekke waar ons woon en dien.

---

**MAANDAG 26 JANUARIE 2026**
**FINANSIËLE KWESBAARHEID**
*Ek weet, die Here behartig die regsaak van die hulpelose, Hy sorg vir die reg van die arme.* (Psalm 140:13).

Na raming leef 808 miljoen mense wêreldwyd in uiterste armoede.

**Kom ons bid**
- Bid dat mense wat in armoede leef, na God sal roep om hulp en dat hulle Sy ontferming sal ervaar. (Psalm 34:6).
- **Bid vir wysheid vir gemeentes wat in nou verband saam met maatskaplike werkers werk** om sowel fisiese voeding as geestelike leiding te bied aan dié wat in nood is binne jou gemeenskap.
- **Bid dat individue die opleiding wat nie-winsgewende organisasies aanbied, sal aangryp**, hul omstandighede sal oorkom, en sal groei tot bekwame en vaardige bydraers tot die samelewing.

**Verkondig God se geregtigheid:** *Maar die Here sê: "Die swakkes word mishandel en die armes kla. Daarom gryp Ek nou in en gee uitkoms aan dié wat daarna smag."* (Psalm 12:6).

---

**DINSDAG 27 JANUARIE 2026**
**MODERNE SLAWERNY**
*My God, bevry my uit die hand van goddeloses, uit die greep van skurke en verdrukkers…* (Psalm 71:4).

Moderne slawerny strek veel verder as net mensehandel. Dit sluit gedwonge huwelike, staat-opgelegde arbeid, slegte skuld en ander vorme van uitbuiting in. Ongeveer **50 miljoen mense wêreldwyd** het in 2021 in moderne slawerny geleef.

**Kom ons bid**
- Bid dat mensehandelnetwerke en -sindikate deur God se lig ontbloot sal word.
- Bid vir doeltreffende samewerking tussen regerings, wetstoepassers en die regstelsel om die onderdruktes te bevry.
- Bid ook dat die Here Sy liefde en genade aan onderdruktes sal openbaar. Vra die Heilige Gees om hulle te help om nie hul harte teenoor God te verhard weens hul swaarkry nie.

**Verkondig God se geregtigheid:** *Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan, die slegte mens sy slegte planne. Hy moet hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees…* (Jesaja 55:7).

---

**WOENSDAG 28 JANUARIE 2026**
**VLUGTELING- EN MIGRASIEKRISISSE**
*Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves…*(Matteus 25:35c).

Ongeveer 117 miljoen mense wêreldwyd word deur oorloë, konflik of vervolging ontheem. Hierdie statistieke is 'n getal, maar dit stel mense voor – gesinne wat geskei is, kinders wat sonder stabiliteit grootword, en gemeenskappe wat sukkel om weer te herbou.

**Kom ons bid**
- Vra God om vlugtelinge se gasheernasies en -gemeenskappe te lei om met wysheid en deernis te reageer.
- Bid vir die wêreldwye Kerk om mense wat ontheem is te verwelkom en ondersteun, en om aan hulle die liefde van Christus op tasbare maniere te wys.
- Bid dat die lede by jou plaaslike gemeente nie sal *nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.* (Hebreërs13:2).

**Verkondig God se geregtigheid:** *U is 'n toevlug vir die armes, 'n toevlug vir die behoeftiges in hulle nood, 'n skuilplek teen die stortbuie…* (Jesaja 25:4).

---

**DONDERDAG 29 JANUARIE 2026**
**TOEGANG TOT ONDERWYS**
*Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom.* (Amos 5:24).

Ongeveer 251 miljoen kinders wêreldwyd gaan nie skool toe nie, en meer as 600 miljoen is wel ingeskryf maar kan steeds nie basiese vlakke van lees- en wiskundevaardighede bereik nie.

**Kom ons bid**
- Bid vir toegewyde onderwysers om kinders in landelike gemeenskappe, vlugtelingkampe en afgeleë gebiede te leer.
- Vra die Here om deure oop te maak vir digitale hulpbronne om kinders in afgeleë gebiede te bereik.
- Bid vir voldoende hulpbronne om kinders met uiteenlopende leervermoëns te ondersteun, sodat hulle praktiese vaardighede kan ontwikkel wat hul Godgegewe potensiaal weerspieël.

**Verkondig God se geregtigheid:** *Die Here laat geregtigheid en reg geskied aan almal wat verdruk word.* (Psalm 103:6).

---

**VRYDAG 30 JANUARIE 2026**
**KORRUPSIE EN SWAK BESTUUR**
*Die Here het 'n afsku van 'n skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra sy goedkeuring weg.* (Spreuke 11:1).

Politieke wette wat deur regerings ingestel word, beïnvloed direk die lewens van individue, gemeenskappe en selfs die Kerk. Korrupsie is 'n aanhoudende wêreldwye bedreiging wat onsekerheid bevorder en bydra tot menseregtevergrype.

**Kom ons bid**

- Bid vir plaaslike en nasionale leiers, en vra God om aan hulle wysheid, geregtigheid en integriteit te skenk.
- Bid dat die Kerk Christene sal ondersteun en mentor wie geroep is om in openbare ampte, beleidmaking of regering te dien.
- Bid dat die Kerk hulle sal aanmoedig om sout en lig te wees in daardie invloedryke ampte (Matteus 5:13-16).

**Verkondig God se geregtigheid:** *Hy (is die Een) wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel...* (Daniel 2:21).

---

**SATERDAG 31 JANUARIE 2026**
**GEBREK AAN TOEGANG TOT GEREGTIGHEID**
*Hy het geregtigheid en reg lief, die hele wêreld is vol van die Here se troue liefde.* (Psalm 33:5).

Meer as 5,1 miljard mense het nie **toegang tot geregtigheid nie.** Dit word onder andere veroorsaak deur onbekostigbare regsverteenwoordiging, swak of korrupte regstelsels, en beperkte regsbewustheid as gevolg van lae geletterdheid en onvoldoende regs-ondersteuning in die gemeenskap.

**Kom ons bid**

- Bid dat almal wat geregtigheid handhaaf, met integriteit en eer voor God sal optree in elke besluit wat hulle neem. (Miga 6:8).
- Bid dat die ongeletterdes en armes nie uitgebuit sal word nie en dat regverdige mense hulle sal verteenwoordig (Spreuke 31:9).

**Verkondig God se geregtigheid:** *"Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies."* (Openbaring 15:3).

---

**SONDAG 1 FEBRUARIE 2026**
**VOEDSELONSEKERHEID**
*Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.* (Psalm 23:1).

Ongeveer 2,3 miljard mense het matige of ernstige voedselonsekerheid in 2024 ervaar. Die meerderheid van ernstige voedselonsekerheid is gekonsentreerd in streke wat deur **gewapende konflik**, **klimaatverwante rampe** en **ekonomiese terugslae** geraak word, wat voedselproduksie en toegang daartoe ontwrig.

**Kom ons bid**

- Bid dat God geregtigheid sal bring waar hulp aan die armes teruggehou word, en volhoubare oplossings sal inspireer wat mense in staat stel om van die land te leef.
- Volgens Lukas 21:11 sal natuurrampe voortduur en vererger. Bid dat die **Kerk voorbereid sal wees** vir sulke gebeure; dat die Kerk vertroosting, hulp en hoop sal bied aan diegene wat verlies, ontheemding en swaarkry as gevolg van hierdie rampe ervaar.

**Verkondig God se geregtigheid:** *Die oë van almal is op U gerig, en U gee hulle kos op hulle tyd.* (Psalm 145:15).

---